
# POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS

No. 28.
Die slange van Tumara




GERRIE RADLOFF

Toe hy tevoorskyn kom, het hy 'n stok van ongeveer 'n meter lank en ses sentimeter in deursnee in sy regterhand. Agter hom kom Maliepie met sy perd wat reeds opgesaal is. Die staljong fluit en twee frisgeboude Mkopo's verskyn om die hoek van die buitegebou. Bredenkamp wink na hulle nadat hy in die saal geswaai het en op 'n vinnige draf volg hulle hom terwyl hy van die werf af wegry.

'n Ruk lank staan Marie asof versteend. Te duidelik besef sy die implikasies van wat sy gesien het. Kobus Roode het sopas hier weggery en nou volg haar oom hom nadat hy in die stal was en met daardie eienaardige stuk hout tevoorskyn gekom het.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Die Dood langs die Kampvuur .......................... 3

2. Gif in die stroois .......................................16

3. Die Haelkorrels sing ....................................26

4. Bron van Onheil .........................................36

5. Gevaar in die Voetpad ..................................48

6. Aanval in die Nag .......................................60

7. Die volgende Slagoffer .................................72

8. Die stem van die Slanggees ..........................77

9. Die Nag is lank ............................................85



## DIE DOOD LANGS DIE KAMPVUUR

Daar is 'n geritsel in die knie-hoë gras regs van hom. Konstabel van Greunen kyk op. Nêrens bespeur hy 'n roering nie. Nogtans voel hy effens onrustig. Hy neem die toneel om hom in oënskou.

Dit is reeds 'n uur of wat na skemer. Twee kampvure brand sowat tien tree van mekaar teen 'n helling waar die bome nie so dig opmekaar groei nie, en waarvandaan Van Greunen vroeër in die aand oor die deinings en pieke van die Rooibokheuwels tot teen die hange van die Mauerberge kon sien. Agter daardie berge vloei die Limpopo—of soos die inboorlinge dit hierlangs nog noem, die Krokodilrivier.

By die ander vuur sit 'n swart konstabel gehurk. Hy strek sy hand uit en haal die stoomspuitende ketel van die haak bo die vlamme af. Hy kyk op toe die wit konstabel na hom roep.

,,Ons moet die vure hoog laat brand, Manjeta,'' merk van Greunen op.

,,Dit sal die beste wees, my basie,'' antwoord Manjeta. En ook hy kyk 'n keer vlugtig om hom heen voordat hy die blikke met koffie nadertrek.

Van Greunen kyk terug na die dagboek wat op sy knie oopgevou lê. Met sy vulpen in die regterhand lees hy weer die paar reëls wat hy reeds geskryf het. Die flikkerende vlamme laat kort-kort donker kolle oor die blad beweeg, maar hy kan sy netjiese handskrif maklik onderskei.

,,My tweede besoek vandag,'' lees hy, ,,was aan die hut van Konjeli, die seun van Ntola, wat verlede week dood is nadat 'n slang hom gebyt het. Dit was die vierde slagoffer van die Mkopo-stam, in die kraal van Trankwala. Ook hier kon ek niks wys word nie, en die indruk wat geskep is, is dat dit bloot 'n ongeluk was.

,Tog voel ek dat. . .'' Hier het Van Greunen opgehou toe hy die geritsel in die gras gehoor het. Nou vervolg hy met die verslag. ,,. . .dat alles nie pluis is nie. Daar is die bedrukte stemming van die Mkopo's, en Manjeta het hier en daar woorde en selfs sinsnedes gehoor wat daarop dui dat die Mkopo's bang is. Hulle praat van die Groot Slanggees.

,,Ek het die saak met Nicolaas Bredenkamp bespreek. Hy het 'n groot plaas hier in die wildernis en dryf handel met die Mkopo's. Nicolaas meen dat die toordokter, Tumara, van die kobra-aanvalle gebruik maak om sy gesag. . .''

Van Greunen se hand ruk terug. Die pen trek 'n streep oor die blad. Weer was daar die geritsel. En nou sien hy duidelik die beweging in die grashalms skaars twee tree van hom af. Dit is op die rand van die kol wat hy plat getrap het en in die middel waarvan sy vuurtjie brand.

Hy sit die boek op die stomp langs hom neer en die pen daarop sodat dit nie kan afrol nie. Hy ruk die swaar rewolwer uit die leerskede en hou dit in sy regterhand gereed. Sy oë bly op daardie plek gevestig waar hy die lang halms sien wieg het asof 'n luggie daardeur gestoot het—en tog is die aand doodstil, en is daar selfs nie beweging in die blare van die bome bokant sy kop nie.

By die oorkantste vuur het Manjeta ook orent gekom. Hy kyk besorg na konstabel van Greunen, maar hy staan doodstil. Sy oë volg die ander se blik maar nou is selfs die roering in die gras nie meer daar nie. Hy staan met die stomende beker koffie in sy hand maar hy wend geen poging aan om dit na die wit konstabel te dra nie. Ook by hom is daar die onheilsgevoel wat die gepraat oor slange en die ondervraging van die naasbestaandes van die slagoffers gewek het.

,,Die hele besigheid gryp 'n mens se verbeelding aan,'' roep Van Greunen gedemp uit, maar met 'n half verontskuldigende laggie. ,,Ek het dit skoon op my senuwees, heelwaarskynlik. . .''

Hy sien die dowwe skaduweestreep op die stomp skuins agter hom. Blitsvinnig swaai hy om. Soos 'n besetene trek hy die sneller van die polisierewolwer. Skoot na skoot weergalm deur die aandstilte.

Hy het sy baadjie uitgetrek toe hy hier langs die vuur kom sit het, want die aandlug is soel na die snikhete dag. Sy hemp is voor oopgeknoop en die moue is opgerol. Met elke knal van die swaar rewolwer sien hy die breë, gevleuelde nek soos 'n spiespunt op hom afskiet. Hy voel die kap-kap teen sy bors en toe die magasyn leeg is en hy hygend van angs na die ongedierte op die stomp slaan, is daar die geprikkel aan sy voorarm wat 'n koue rilling deur sy vel stuur. Hy is onbewus van pyn en besef dat hy nie helder dink nie.





Reeds wou hy teruggespring het maar die swaar stewels is op die grond vasgeanker asof die volle bestek van sy breinvermoë op die bewegings van sy arm gespits is.

,,Spring terug, Basie!'' hoor hy die hees uitroep langs hom. ,,Gee pad!''

Hy besef hoe die slang elke hou wat hy na hom mik, ontwyk, en dan sekuur tussen sy swaaiende arms deurskiet om teen sy hemp vas en soms op sy kaal liggaam 'n merk te laat. Dan tref 'n harde hou hom teen die skouer. Hy word weggeslinger tot in die hoë gras.

Manjeta skiet die beker stomende koffie teen die ongedierte vas. Die gespande vleuels krimp weg en die lang, glansende nek verdwyn in die kronkels op die stomp. In sy linkerhand het Manjeta 'n brandende stomp hout wat hy met die wegspring van die vuur af opgeraap het. Sy eie vrees het gesterf voor die gevaar van sy offisier. Met 'n ingebore lojaliteit het hy op hierdie dodelike gifding afgestorm.

Nou stuur hy die brandende stomp sekuur op die middel van daardie opgekrulde dodenes af. Die beweging laat die vlamme en die swart rook in sy gesig terug slaan. Hy knyp sy oë toe. Die hout brand in die stomp vas. Brandende kole spaander in die lang gras.

Manjeta ruk sy hand terug. Hy maak sy oë oop, en vryf met sy hande daardeur om die rookbrand te stil. Terselfdertyd spring hy ook terug.

By die stomp is daar niks. Hy tree nader, kyk weerskante daarvan maar nêrens is 'n teken van die kobra te bespeur nie. Hy buk oor die wit konstabel. Hy sien dat Van Greunen roerloos lê. Hy tel hom op en dra hom tot langs die vuur. Die witman se oë is oop. Skielik vertrek sy gesig van die pyn. Sy liggaam trek styf. Toe ontspan hy weer.

Manjeta trek 'n vlymskerp mes uit die skede aan sy sy. Sy oë soek hier op die witman se bors rond. Hy skud sy kop.

,,My Basie moes terug gespring het,'' sê hy bewoë. ,,My basie moes terug gespring het. . . dan sou hy maar net een keer kon gepik het.''

Majoor Sonnenberg kyk op van die dagboek wat voor hom op die lessenaar oopgevou lê toe die deur oopgaan. 'n Jong sersant stoot dit agter hom toe en kom flink tot voor die lessenaar. Hy

salueer.

Die majoor staan op en strek sy hand uit. Die ander skud dit stewig.

,,Jy is hier, Kobus,'' roep Majoor Sonnenberg uit. ,,Welkom terug!''

,,Dankie, Majoor,'' antwoord Kobus Roode glimlaggend en sy blik ontwyk dié van die ander nie. ,,Ek het dadelik opgestaan toe ek die boodskap ontvang het.''

,,Opgestaan?'' roep die majoor verbaas uit. ,,Elfuur in die oggend!''

,,Ja.'' Kobus glimlag breed. ,,My eksamens is agter die rug. Ek het nog verlof tot môre. Ek het besluit om dit in die bed deur te bring.''

Die majoor knik. Hy gaan sit maar kyk steeds na die jong sersant.

,,Ek neem jou dit nie kwalik nie, Kobus,'' sê hy gemoedelik. ,,Jy het hard gewerk. Jy verdien dit om nou 'n rukkie te rus.''

,,En tog is u die eerste om daardie rus te versteur,'' roep Kobus gemaak-berispend uit, onderwyl hy ook plaasneem.

,,Is daar nie 'n ander manier waarop jy beter sal rus nie, Kobus?''

'n Hunkering dryf die glimlag uit die jongman se oë. Dit is asof hy die wind in die oop veld teen sy gesig voel waai en die ritme in sy liggaam van die kragtige galop van 'n pragdier onder hom, met die teuels liggies in sy linkerhand, kan voel.

Hy is meteens die ene belangstelling. Vandat hy sy loopbaan as geregsdienaar begin het, het hy as konstabel op verskeie uithoeke in Transvaal diens gedoen. Dit was sy lewe daardie. Maar sy ywer en die sukses wat hy met menige saak behaal het, het die aandag van die Hoofkantoor getrek. Kobus Roode is nog nie dertig nie en tog is hy reeds speurder-sersant. Hulle het hom teruggeroep na Johannesburg vir verdere opleiding. Die dae en weke van navorsing in die leggerkamers, die drukkende vier mure met hulle beperkende uitsig het hom rusteloos gemaak.

Gedurende hierdie tydperk het hy 'n vriend gevind . . . 'n man wat hom verstaan. Majoor Sonnenberg het gou agtergekom dat Kobus Roode se gees in die vrye veld, oor berg en hang en veld gedwaal het onderwyl hy hom nogtans met prysenswaardige





toewyding op sy studies toegelê het. En omdat majoor Sonnenberg sy gewildheid nie alleen aan 'n aangename persoonlikheid te danke het nie, het hy Kobus op verskeie geleenthede reeds op sake uitgestuur wanneer hy maklik iemand anders vir die taak kon vind.

,,Ek wil nie voorbarig wees nie, Majoor!'' roep Kobus gretig uit. ,,Maar as daar dalk werk is. . .''

,,Daar is,'' sê majoor Sonnenberg met 'n knik. Selfs voordat Kobus na Johannesburg ontbied is, het hy reeds die jong sersant se loopbaan nageslaan. Hy kyk nou na die breë skouers en hy weet hoeveel krag in daardie jong liggaam opgesluit is. Hy sien die opgewondenheid op die reëlmatige gelaatstrekke wat so netjies voorkom onder die borselkop, wat op die oomblik van 'n pet ontbloot is. ,,Lees hier, Kobus.'' Die majoor tel die dagboek op en reik dit oor die lessenaar. Toe leun hy terug en ontspan onderwyl hy die jong sersant dophou waar hy 'n paar blaaie teruggaan en die aantekeninge van konstabel Van Greunen lees tot by die laaste woorde wat die aand langs die kampvuur geskrywe is. Nadat hy dit woord vir woord deurgelees het, kyk hy op.

,,Waar is konstabel Van Greunen?'' verneem hy.

,,Dit is nie ál nie, Kobus. Dit is nie die einde van daardie storie nie.''

Kobus is bewus van die erns van hierdie aankondiging. Hy het ook gemerk dat die majoor nie meer glimlag nie. Hy vou die boek toe en sit dit amper met eerbied op die lessenaar neer.

,,Konstabel Van Greunen is dood,'' vervolg die majoor. ,,Hy is dood kort nadat hy die laaste woorde in daardie boekie geskrywe het.''

,,Wat het gebeur, Majoor?''

,,'n Slang. . . 'n kobra, volgens die swart konstabel wat by hom was, het hom aangeval.''

,,Wanneer het dit gebeur, Majoor?''

,,Ongeveer 'n week gelede, Kobus.'

Kobus sit 'n oomblik diep in gedagte. Toe hy weer opkyk, weet hy wat die majoor dink.

,,U meen dat dit nie heeltemal 'n natuurlike verskynsel was nie?''

,,Natuurlik nie!'' roep die majoor uit onderwyl hy opstaan, en met sy hande agter sy rug om die lessenaar gestap kom. Sy kop is

vooroor geboë. ,,Ek sal aanneem dat daar jaarliks talle swartes van slangbyt omkom al hoor ons ook nooit daarvan nie. . . veral nie uit sulke verafgeleë en onbekende dele soos tussen die Rooibokheuwels en die Mauerberge nie.''

,,Maar nou,'' val Kobus hom in die rede, ,,skryf Van Greunen van 'n ondersoek wat hy ingestel het? Daar moes 'n rede vir sy agterdog gewees het. Toordokters is nie juis meer volop nie. En tog praat hy hier van een wat blykbaar heeltemal gevestig is. En die Slanggees!''

,,Die dood van 'n konstabel op diens is 'n ernstige saak, Kobus,'' sê die majoor afgemete.

,,Vertrek ek dadelik?'' Kobus het opgestaan. Hy kyk sy hoof afwagtend aan.

Majoor Sonnenberg reik hom die hand. Hy knik.

,,So gou soos moontlik, Kobus. En wees versigtig. 'n Slang, selfs in sy natuurlike vorm, is 'n verraderlike ding.''

Die stat van Trankwala, hoofman van die Mkopo's, lê rustig in die son en bak. 'n Kilometer ten suidooste daarvandaan, op die kruin van 'n lae heuwel, kom twee ruiters tot stilstand.

Kobus Roode streel sy perd se nek en dit is asof die dier sy kop effens oplig en liggies aan die teuels ruk om die aanraking te erken. Kobus kyk om.

'n Paar tree agter hom sit die swart konstabel, Manjeta, gemaklik in die saal. Om die saalknop is die leiriem van 'n pakperd vasgeknoop.

,,Is dit die kraal waar jy en oorlede baas Van Greunen gaan ondersoek instel het, Manjeta?'' verneem Kobus.

,,Dit is, my basie,'' antwoord Manjeta. ,,Die laaste nag. . . toe die slang hom gepik het—was ons kamp hier onder in die klofie.''

,,Jy het die volgende dag deeglik rondgesoek, Manjeta?'' verneem Kobus. ,,Was daar nêrens spore of iets wat aangedui het dat die slang nie heeltemal op sy eie daar aangeseil gekom het nie?''

,,Ja, my Basie. Ek het goed rondgekyk. Ongelukkig was ons kamp langs 'n wildspad. Die Mkopo's loop dikwels daarlangs. En ek kon aan die spore niks wys word nie.''

,,Dan hoef ons nie weer daarheen te gaan nie, Manjeta,'' sê Kobus sonder aarseling. ,,Kom, ons ry nader.''





Manjeta volg die sersant wat uit Johannesburg gestuur is om ondersoek in te stel na die dood van konstabel van Greunen om vas te stel watter verband daar tussen die Groot Slanggees en die kobra-aanvalle is. Manjeta hou van hierdie witman. Drie dae gelede, toe hy op die klein polisiepos op Rooibokkop aangekom het, het Manjeta reeds opgemerk hoe beleefd hy oor alles navraag doen. Baie van die ander wit konstabels het altyd vir hom en die twee ander swart konstabels probeer laat verstaan dat hulle nie eintlik veel meer as bediendes is nie, en dat hulle woord min tel. Maar hierdie man neem Manjeta se opinie in aanmerking. Hy vra hom of hy iets ondersoek het en as Manjeta sy verslag lewer, dan aanvaar die sersant dit.

Ook het hy gesien hoe behendig hy met 'n perd is. Manjeta het die wakker, gloeiende lig in die sersant se oë gesien toe hy hom die paar polisieperde wys. Manjeta voel opgewek. Hy dank die Voorsienigheid wat so 'n man uit die Groot Stad hierheen gestuur het, want hy onthou nog goed hoe hy die dag na konstabel Van Greunen se dood sy senuwees moes staal om die omgewing te fynkam. Daarna het hy gevlug soos 'n kind wat vir die donker bang is. Want diep in sy binneste, ten spyte van sy opleiding as konstabel en die verkondiging van die leer van Christus deur die sendeling na wie se kerk hy gaan, is die bygelowigheid van sy ras by hom nog nie heeltemal uitgeroei nie. Hierdie kobra-aanvalle, Tumara, die toordokter, die Groot Slanggees! Toe hy saam met konstabel Van Greunen twee weke gelede in die kraal van Trankwala was, het Manjeta die bedrukte vrees in die oë van die Mkopo's gesien. Hy sou nie weer hierheen teruggekom het as dit nie was dat hierdie wit sersant 'n nuwe vertroue in hom gewek het nie. Manjeta sou anders geweier het om hom met die ondersoek te vergesel, al is hy ook met die strengste dissiplinêre maatreëls gedreig.

Op 'n gemaklike drafstappie ry Kobus teen die helling van die heuwel af. Agter hom hoor hy die klappende hoewe van die ander perde. Die lewe bruis deur sy are. Amper sy volle dienstydperk as konstabel het Kobus in die saal deurgemaak en in omstandighede soos hierdie. Dis egter die eerste keer dat hy hierdie streek binnegaan, en die stamme hierlangs is vir hom vreemd. Tog praat hy Zoeloe vlot en neem hy aan dat hy met behulp van Manjeta maklik

oor die weg sal kom. Hy voel tevrede want reeds het hy agtergekom dat hy 'n dapper, lojale ondersteuner in Manjeta het. Af en toe het hy daardie skielike blik van angs in die swart konstabel se oë gesien. Maar die manier waarop Manjeta sy skouers agteroortrek en sy kop fier hou wanneer die bygeloof dreig om hom te oormeester, het Kobus se vertroue in hom gesterk.

Hulle gaan op 'n stappie deur die mielielande. Vlak langs die voetpad is 'n aantal swart vroue en kinders besig om tussen die mielies te skoffel. Daar is ook 'n paar ou mans tussen hulle en hier en daar sit 'n frisgeboude swarte lui-lekker rond.

Kobus weet dat daar nie dikwels witmense by die kraal aandoen nie. Hy sou nou tenminste 'n mate van belangstelling en opgewondenheid verwag het, maar van alle kante is hy net bewus van die norse blikke waarmee hulle hom en Manjeta aanstaar. Dit is asof die teenwoordigheid van die wit sersant en swart konstabel hulle nie aanstaan nie. Daar is selfs iets vyandigs in die manier waarop die paar swart mans orentkom en met gevoude arms die twee ruiters agterna kyk onderwyl hulle deur die poort in die paal-omheining die stat binnegaan.

By verskeie hutte en strooise wat op die plan van 'n Zoeloekraal in kringe net binnekant die paalomheining gebou is, is vroue besig om mielies in stampblokke te stamp of dit tussen klippe te vergruis. Kinders speel oral rond en 'n paar brakke kef hier om die perde se pote. In die sirkelplein tussen die hutte is daar nie veel bedrywigheid so vroeg in die dag nie. Groepe swart mans staan rond en gesels. Dit wil voorkom asof hulle nie vandag op jag uitgegaan het nie.

Hulle staan opsy toe die twee ruiters verby gaan. Manjeta het sy perd nou langs Kobus getrek en op 'n stappie vorder hulle tot voor die groterige hut aan die oorkant van die binneplaas regoor die ingangspoort. Die swartes wat agterkom dat die twee besoekers op die hoofman se hut afpyl, volg stilswyend op 'n afstand.

'n Hele ruk sit Kobus en Manjeta stil op hul perde by die paar groot hutte. Voor hulle is daar geen teken van lewe nie. Agter hulle, in 'n halwe kring, het die Mkopo's saamgedrom. Hulle wend geen poging aan om nader te kom nie, maar staar die twee ruiters strak aan.

,,Is dit die hoofman se hut, Manjeta?'' verneem Kobus bedaard.





Na een vlugtige blik het hy nie weer omgekyk na die skare agter hulle nie

,,Dit is, my Basie.'' Manjeta se stem is egalig, maar dit is effens grof, asof hy nie heeltemal op sy gemak voel nie.

,,Ons sal seker maar moet aanklop?''

,,Wil Basie hê ek moet afklim?'' Dit is asof Manjeta nie graag die veiligheid wat die stewige dier onder hom verleen, wil verlaat nie.

,,Sê net vir een van hulle om hulle hoofman te roep,'' gebied Kobus. Sy stem is streng omdat hy Manjeta wil laat voel dat hulle die gereg is en dat hulle niks te vrees het nie.

Manjeta draai skeef in die saal en luid blaf hy 'n bevel uit: ,,Sê vir jul hoofman dat die wit sersant met hom wil praat.''

Hy praat op Zoeloe en dit is duidelik dat hulle hom verstaan hoewel geeneen dadelik roer of aanstaltes maak om gehoor te gee nie. ,,Jy,'' en Manjeta verstig sy blik op een van die voorstes. ,,Maak gou! Ons is nie daaraan gewoond om te wag nie.''

Kobus het ook omgekyk, maar nou swaai hy terug toe hy 'n geskuifel by die hut voor hulle hoor. Twee swartes met hooftooisels aan, kom tevoorskyn. Kobus kyk vlugtig na Manjeta. Blykbaar herken die konstabel hulle nie, en aangesien hy al tevore in die kraal was, sou hy geweet het indien een van hulle die hoofman is. Manjeta laat egter nie op hom wag nie.

,,Waar is jul hoofman?'' verneem hy streng.

'n Ruk staan hulle stil. Hulle het hul arms gevou en staar die twee mens in hul netjiese uniforms stuurs aan. Blykbaar is hulle indoenas, dink Kobus. Dan praat een stadig en afgemete met Manjeta.

,,Trankwala wil weet wat die polisieman hier kom soek!''

Kobus verstaan wat hy sê, maar hy antwoord nie. Hy laat Manjeta voorlopig die woordvoerder wees.

,,Die wit sersant het gehoor van die slange wat die mense van Trankwala doodpik,'' verduidelik Manjeta, gewilliglik en beleefd. ,,Die wit konstabel is ook so gedood. Die wit sersant het van ver af gekom om die Mkopo's te help om teen hierdie gevaar te veg.''

,,Die Mkopo's kan hul eie stryd voer,'' werp die indoena na 'n paar oomblikke van beraadslaging met sy maat terug. ,,Hulle het medisyne wat sterker is as dié van die witman. Tumara sal hulle beskerm, want dit is deur Tumara wat die Groot Slanggees praat.''